

MEDIAMEDEDELING

Chris se Trefferliedjies (LRP 1)

'n Versamelalbum van 20 liedjies van Christopher Torr, waarby twee splinternuwe snitte ingesluit is.

“Christopher Torr en ek is in 1984 getroud en in 1988 het hy liedjies begin skryf. Ons het twee pragtige kinders en ek en hy het die voorreg om saam musiek te maak. Hy skryf, ek sing. Ek wou al lankal 'n album maak met net liedjies van Chris daarop.

Hierdie is die eerste een. As 'n mens na sy werk in konteks luister, hoor jy hoe Chris se lirieke ondermeer praat oor kinder herinneringe, die verlies van onskuld, die liefde, besondere karakters, die karoo, sosiale kommentaar en die weer en hoe die afwesigheid van reën, gelyk gestel word aan die afwesigheid van liefde”.
Laurika Rauch

Soos wat, onder andere, Sting, maak, het Laurika ook oor die jare verskeie weergawes van sommige van haar mees gewilde liedjies opgeneem. Die rede daarvoor is nie 'n gebrek aan voldoende repertoire nie, maar dit gebeur omdat sy so gereeld op die verhoog werk en ook gedurig vernuwe deur onder andere met verskillende musikante saam te werk. Elke musikant en elke nuwe verhoogoptrede maak 'n ander bydrae tot 'n bestaande liedjie. Laurika het hierdie groei van liedjies soos “Kinders van die Wind”; “Stille Waters”; “Die ballade van Jakob F de Beer”; “Die mense op die Bus” en ander, reeds op haar albums met haar gehoor gedeel.

Op “Chris se Trefferliedjies” gebruik sy egter die oorspronklike weergawes van al die liedjies – só soos wat gehore dit vir die eerste keer gehoor en leer liefkry het.

“Leer liefkry” is die woorde wat 'n mens gebruik as jy die liedjies van Christopher Torr en die publiek se reaksie daarop beskryf. Laurika het in 1989 “Stuur groete aan Mannetjies Roux” op die verhoog begin sing, die liedjie in 1990 opgeneem op die eerste afrikaanse CD ooit – “Stuur groete aan Mannetjies Roux”. Ses maande na die vrystelling van die album, het die liedjie, saam met ander liedjies op die album, “oornag” getref by gehore. “Stuur groete aan

Mannetjies Roux” het begin verkoop en verkoop – soveel so dat dit steeds konstant in aanvraag is – lank nadat dit reeds met dubbelplatinum-verkope pryk.

“Op Blouberg se strand”, “Die ballade van Jakob F de Beer”, “Miekie” (1988);
“Stuur groete aan Mannetjies Roux”, “Kyk hoe glinster die maan” (1990);
“Die gang”, “Stille waters” (1992);
“1963” (1994);
“Hot gates”, “The falcon” (1995);
“Daantjie” (1996);
“Die mense op die bus”, “Die kinders sing saam” (1999);
“Kom laat ons sing 1”, “Kom laat ons sing 2” (2000) en
“My ou tante Koba”, “Over the hills and far away” en “Die diep blou see” (2004),
het deel geword van die afrikaanse liedereskat oor die afgelope 17 jaar.

Christopher Torr se trefferliedjies word by rugbywedstryde en pieknieks gehoor, senior- en kinderkore maak die liedjies hul eie, sangers en sanggroepe neem die liedjies weer op en regisseurs vra vir Chris om vir hulle temaliedjies te skryf vir hulle televisiereekse. “Hot Gates” word deur Natalie Gamsu in die Algonquin in New York gesing, sy stel dit vry op CD en Chris word deur mense van Boston tot België vir koorverwerkings en verlov om die liedjie te gebruik, gekontak. Ander kunstenaars – Tolla van der Merwe (“Spook en diesel” en “Tolla se dolla” 1991) ; Frank Opperman (“Lady Di”); Janita Claassen (“Silwer en satyn”); Ronéll Erasmus (“Tentwoning” 2004); Arina de Witt (“Stay a little while” 1990) en Thys die Bosveldklong (“Thys se dilemma”) 2004 neem van sy liedjies op.

“Chris se Trefferliedjies” is gebore uit ’n behoefte wat by Laurika ontstaan het om sommige van Chris se liedjies van die afgelope 17 jaar in konteks te plaas. Die resultaat is ’n formidabele, unieke album. Dis nie bekend hoeveel mense werklik bewus is van Chris se omvang as liedjieskrywer nie. “Chris se Trefferliedjies” kan meer mense blootstel aan die diepte van sy bydrae.

Met die toevoeging van twee nuwe liedjies wat spesiaal opgeneem is vir die album, maak dit die aankoop van hierdie versamelstuk net ’n groter winskopie.

Chris het reeds in 2004 “**Marietjie wag-’n-bietjie**” geskryf maar Laurika het dit eers in 2005 op die verhoog begin sing. Die storiëttjie wat sy vooraf op die verhoog vertel, lui só: “Marietjie van den Heever was in haar jong dae ’n baie mooi

meisie en boonop was sy kieskeurig. Die muurblomme in die danssaal kry soms net een kans en as hulle hom nie aangryp nie, kom hy dalk nooit weer verby nie. Toe Niekie Poggenpoel haar een aand gevra het om te dans, het sy “nee” gesê. Marietjie wag nog steeds”.

“Stille Waters” het in 1992 eintlik die lewe begin as ’n engelse liedjie – “**Blue Skies**” – maar dis vir die eerste keer op CD gehoor in sy afrikaanse vorm. Laurika en Clinton Waring (sanger en pianis) het “Stille Waters” en “Blue Skies” as ’n duet verwerk wat konsertgehoore geruime tyd reeds gaande het – ook omdat hulle stemme so goed by mekaar pas.

Die twee nuwe liedjies: Louis Brittz het die regie gedoen en pragtige, vars, eietydse verwerkings gemaak. Die musikante wat saamgewerk het was Gideon Botes (elektriese kitaar); Marius Smit (tromme); Louis Brittz (klawerbord en akoestiese kitaar); Clinton Waring (sang) en Derick Louw was die ingenieur.

Laurika het saam met Keith Forsyth al die liedjies her-gemeester sodat hulle, ten spyte van die verskillende eras waarin hulle opgeneem is, so veel as moontlik by mekaar kan pas. Die opnames klink ook heelwat helderder.

Laurika Rauch se loopbaan strek reeds oor 28 jaar: met 19 albums en talle toekennings op haar kerfstok. As sangeres, kabaretster, musiekproduksie- en vokale regisseur, toonsetter van gedigte, bladmusiekuitgewer en TV-aanbieder druk sy haar professionele stempel af op alles wat sy aanpak.

Sy het daarin geslaag om deur die luisterliedjie-era van die sewentigerjare tot nou met elke dekadewisseling puik treffers op te lewer – hoofsaaklik danksy die liedjies van Christopher Torr.

In die boekie van “My ou Tante Koba” (2004) skryf Laurika:

“Dit is nie toevallig dat daar ses van Christopher Torr se liedjies op die album opgeneem is nie”, sê Laurika. “Om die waarheid te sê – my ideale album sal een wees waarop daar veertien nuwe liedjies van hom is.” Pas nadat Chris en Laurika in hul nuwe huis in die laat tagtigerjare ingetrek het, het hy haar geroep om te luister na Afrikaanse woorde wat hy vir ’n liedjie van Udo Jürgens geskryf het en hy wou weet wat sy daarvan dink. “Nadat ek die eerste vers en refrein van **Op Blouberg Se Strand** saam met die musiek beluister het, het ek geweet hier kom ’n ding.” Laurika het tot in daardie stadium nie eens geweet haar man kan liedjies skryf nie. Sedertdien het hy háár en musiek liefhebbers se lewens met byblywende liedjies verryk.

ALBUMSPEELLYS

(Musiek en liriek deur Christopher Torr tensy anders vermeld.)

1. Stuur groete aan Mannetjies Roux
2. Die gang
3. Die kinders sing saam (Liriek: C Torr/Musiek: Marshall Harmse)
4. My ou tante Koba
5. Op Blouberg se strand (Liriek: C Torr/Musiek: Udo Jürgens/Thomas Christen)
6. Kyk hoe glinster die maan (Liriek: C Torr/ Musiek: Udo Jürgens)
7. Daantjie
8. Marietjie wag-'n-bietjie
9. Die ballade van Jakob F de Beer
10. Over the hills and far away
11. Mieke
12. Blue skies
13. Kom laat ons sing 2
14. Die diep blou see
15. Kom laat ons sing 1
16. Die mense op die bus
17. Stille waters
18. Hot gates
19. 1963
20. The Falcon

In Chris se eie woorde oor van die liedjies:

1. Stuur groete aan Mannetjies Roux

Nadat die liedjie verskyn het, het verskeie mense vir my vertel dat hulle onder die toeskouers was by die wedstryd waar Mannetjies sy fabelagtige drie gedruk het. Alhoewel hulle almal daar was, het die stadions gewissel van Nuweland, Bloemfontein, Durban, Loftus, tot Port Elizabeth en Ellis Park. Maar almal was daar.

2. Die gang

Die skryf van elke liedjie is 'n uitdaging. Die uitdaging in "Die gang" was om 'n liedjie te skryf waarin die vyf lettergrepe van e-lek-tri-si-teit maklik inpas.

4. My ou tante Koba

“Stuur groete aan Mannetjies Roux” handel oor ’n eksentrieke oom.
“My ou tante Koba” gaan oor ’n eksentrieke tannie.

Sy woon daar diep in die ou Karoo

Haar bril het ’n onder en ’n bo

Op haar dag kon my tannie, so word vertel,

’n hele sak mielies met haar tande optel

5. Op Blouberg se strand

Die oorspronklike liedjie is deur Udo Jürgens in Duits gesing – ’n taal wat ek nie kan praat nie. Ek het die woorde foneties neergeskryf en daarna afrikaanse woorde probeer inpas. Tot vandag toe weet ek nie waaroor die oorspronklike liedjie gaan nie.

6. Kyk hoe glinster die maan

This is another Udo Jürgens song and once again I have no idea what the original is about, although one of the German words seemed to sound like volcano. While we all know that the real Father Christmas arrives in a sleigh with reindeer, I saw him one year in a donkey cart pulled by reindeer without antlers. The next year he paddled into Brooklyn in a canoe, claiming that his reindeer had drowned. Nobody that I spoke to believed him.

7. Daantjie

On the farm where I grew up, lived a gentle old man who fed the poultry and the pigs. Whenever my mother got ready to drive into town, he would appear next to the car window and ask her to buy him something like “*net ’n boks vuurhoutjies*”, “*net ’n sakkie twak*” or “*net ’n bietjie suiker*”. Repeated urgings by my mother that he should learn to budget were to no avail, and one day my mother suggested to him that he should perhaps pray to the good Lord for advice. He listened to this request and without a pause replied: “*Maar die Here is so ver en die mevrou staan langs my.*”

8. Marietjie wag-'n-bietjie

One of the legends in our family concerns a great aunt, who never married, although she was very beautiful. Rumour has it that in her youth she was once asked if she wanted to dance, to which she replied.

"You can hang around here and if nobody else comes along I'll dance with you."

9. Die ballade van Jakob F de Beer

Een van my vroegste herinneringe is 'n besoek aan 'n naburige plaas. Langs die pad het my pa vir my gesê dat ek mooi moet luister as die tannie vir ons groet. Toe ons daar aankom het sy ons baie vriendelik gegroet met die woorde "*Good bye*" waarna sy ons ingenooi het vir koffie. Toe ons later wegry het sy ons gegroet met die woorde "*Hello*". Op pad huis toe het my pa vir my verduidelik dat dit die enigste twee Engelse woorde is wat sy ken. Haar seun het windpompe herstel.

11. Mieke

The Zeebrugge ferry disaster was the story behind this song.

13. Kom laat ons sing 2

In "Kom laat ons sing 1 & 2", the words are rather similar. It is up to the music to let us know us whether the song is about happiness or sadness.

14. Die diep blou see

Sooner or later anybody trying to write a song will bring the sea into the story and there is nothing wrong with that. As far as possible, however, I have tried to carry out the very sensible advice once given to me by the late Barry Hough. Barry insisted that every impulse to bring sea-gulls into the picture should be resisted.

15. Kom laat ons sing 1

Many songs consist of the following structure:

Happy situation

Chorus

Sad situation

Chorus

The words in the chorus must be the same, even though they follow happy and sad situations. So a successful chorus is often an ambiguous chorus.

16. Die mense op die bus

As jy iemand lank gelede lief gehad het, kan jy ooit daardie persoon vergeet?

Kan jy daardie persoon byna vergeet?

Kan jy die persoon se bynaam vergeet?

17. Stille waters

When I don't know what to write (which is often) I consult my favourite reference book, "Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings" by Kritzinger and Sabbagha.

"Stille waters" started that way.

18. Hot gates

When I was in grade 7 we were visited by an English inspector. He strode into the class and asked: "What is a sentence?" We dutifully offered the usual things about statements containing verbs and nouns whereupon he asked us what the first thing is that a child says. When somebody offered "Mama", he said that was a sentence but that it had no verb. "Hot Gates" is an attempt to write a series of verses with no verbs.

19. 1963

On 22 November 1963 the American president John F Kennedy was assassinated in Dallas Texas. The song describes the route taken by the motorcade from the airport to the city centre where he was shot. His wife Jackie O died in New York in 1994.

Indien jy hierdie mediamededling per e-pos wil ontvang, kontak asseblief vir Wendy van Niekerk by wendy@select.co.za

Daar is meer inligting oor Chris Torr in die Werner Coombes De Kat- artikel van 2004 op Laurika se webblad, onder "Wie sê wat"/Pers/de Kat 2004.

www.laurikarauch.com

Oktober 2005